sapapers.co.za

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# VISUELE KUNSTE V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

*VISDM1*

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is TIEN vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord VYF vrae van jou keuse.

3. Lees die vrae versigtig.

4. Antwoord in volsinne en gebruik paragrawe. MOET NIE PUNT-VORM GEBRUIK NIE.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag gewy mag word. Elke vraag behoort ongeveer 35 minute in beslag te neem.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. In hierdie eksamen sal daar van jou verwag word om die volgende te demonstreer:

    - Die gebruik van korrekte terminologie
    - Die aanwending van visuele analisering en kritiese denke
    - Skryf- en navorsingsvaardighede binne historiese en kulturele verband
    - Die plasing van voorbeelde binne sosiale en historiese verband
    - ŉ Begrip van kenmerkende kunsstyle
    - Die identifisering van die professionele beoefening van plaaslike kunstenaars

## WOORDELYS

**Analiseer:** ŉ Uitvoerige en logiese bespreking van die formele elemente (soos lyn, kleur, toon, formaat, ensovoorts) asook komposisie van die werk, met insigryke opmerkings oor waarom en hoe dit slaag.

**Vergelyk:** Dui sin vir sin die verskille en ooreenkomste in ŉ ordelike volgorde binne dieselfde argument aan.

**Bespreek:** Bied jou opinie aan met redes vir jou stellings.

**Verduidelik:** Verskaf verklarende redes met jou uiteensetting.

**Interpreteer:** Verskaf ŉ ingeligte mening met ondersteunende voorbeelde.

**Vermeld:** Sê reguit wat jy dink – gee jou mening asook ŉ verduideliking.

**Evalueer:** Lig die RELEVANTE positiewe, negatiewe, asook elemente en beginsels van die werk uit en verskaf ŉ mate van <u>evaluerende</u> kommentaar oor waarom en hoe dit slaag al dan nie, binne die breër prentjie van kunsgeskiedenis in die algemeen, d.w.s. jy moet in staat wees om die groter prentjie van die kunswêreld te sien, om in staat te wees om evaluerende kommentaar te lewer.

**VRAAG 1**

**KUNS EN PROPAGANDA**


1.1 Verwys na FIGUUR 1a. Marat was ŉ Franse rewolusionêr, wat in sy bad gedood is, terwyl hy besig was om vir sy landgenote ŉ brief te skryf aangaande die Rewolusie.
Bespreek die wyses waarop J.L. David daarin geslaag het om hierdie dramatiese gebeure weer te gee. Verwys na die kunselemente sowel as komposisionele effekte. (5)

1.2 Oor die dekades, met verskillende regerings aan bewind in Suid-Afrika, was die stryd om persvryheid baie keer ŉ kwessie. Deur die evaluering van hierdie twee plakkate in FIGURE 1b en 1c, moet jy vanuit ŉ kunstige oogpunt aandui hoe kunstenaars maak om propaganda die gedagtes van mense te laat bereik.
Verwys na kleur, lyne, teksture, afbeelding en strukturele uitleg. (6)


1.3 Kies TWEE werke oor kuns en propaganda wat jy bestudeer het. Dit mag Suid-Afrikaans of Internasionaal wees. Bespreek hierdie werke deur die volgende punte as gids te gebruik:


- Benoem die kunstenaars tesame met die titels van die werke
- Onderwerpmateriaal van die werke en boodskappe hierin
- Gebruik van kleur en lyn, en die effek hiervan op die werke (9)

**[20]**




**FIGUUR 1a:** Jacques Louis David. **Dood van Marat.** 1793




**FIGUUR 1b** **FIGUUR 1C**

**FIGUUR 1b en 1c:** Twee plakkate wat handel oor persvryheid. 1989

**VRAAG 2**

**MONUMENTE EN GEDENKTERREINE**

2.1 Verwys na FIGURE 2a, 2b en 2c. Analiseer die ooreenkomste tussen hierdie drie monumente. (2)

2.2 Definieer die treffendste visuele element van elkeen, en sê, met stawing, wat die kunstenaar/ontwerper aan die nageslag wou sê in elke geval. (6)

2.3 Lewer kommentaar oor hoe die skaal in hierdie drie voorbeelde ’n boodskap weergee soos jy dit sien. (2)

2.4 Kies enige TWEE ANDER monumente wat jy bestudeer het.

Benoem hulle en vergelyk hulle in terme van die volgende:

- Gebruikte materiale en die impak daarvan
- Onderwerpmateriaal en die kenmerke van die monumente
- Die boodskappe van die monumente
- Hoe massas/volumes met leegtes en omringende ruimtes skakel en die effek daarvan op die kyker (10)

**[20]**

**Woordeskat:**
**Nageslag** = hulle wat na jou kom. Toekomstige geslagte.



**FIGUUR 2a: Paaseilandfigure.** Kunstenaar onbekend. Eertyds



**FIGUUR 2b: Stonehenge.** Wiltshire. Engeland. Eertyds



**FIGUUR 2c: Vryheidspark.** Salvokop. Transvaal. Kontemporêr

## VRAAG 3

## INTERNASIONALE TENDENSE: IMPRESSIONISME EN POST-IMPRESSIONISME

| In die laaste kwart van die 1800's, het die kunswêreld in Frankryk en Europa radikale veranderinge ondergaan. Impressionisme was 'n vars nuwe rigting. |
|---|


3.1 Verwys na FIGUUR 3a <u>en</u> die werk van TWEE ander kunstenaars wat jy bestudeer het. Skryf 'n opstel van een en 'n halwe bladsye oor Impressionisme. Gee aandag aan die invloede op hierdie Beweging, die stylkenmerke, die onderwerpmateriaal en hoe kunstenaars lig en kleur hanteer het. (10)

3.2 Post-Impressionisme het 'n meer geïndividualiseerde benadering getoon. Met verwysing na FIGUUR 3b, analiseer krities die werk van Gauguin as 'n Post-Impressionistiese werk.

Verwys na die volgende:

- Invloede op Gauguin
- Hantering van ruimte
- Hantering van vorms
- Hantering van kleur
- Gebruik van lyn (10)

**[20]**



**FIGUUR 3a:** Claude Monet. **Impression Sunrise.** 1872



**FIGUUR 3b:** Paul Gauguin. **Dag van die gode.** 1890

## VRAAG 4


## KUBISME, FAUVISME, FUTURISME EN EKSPRESSIONISME

4.1 Skryf 'n opstel van 'n minimum van twee bladsye waarin jy aandag skenk aan die onderstaande punte. Jy mag die geïllustreerde werke as stawing aanwend, maar jy sal ekstra punte ontvang as jy na ander werke verwys wat jy van hierdie vier bewegings bestudeer het.


Doen in jou opstel elke beweging afsonderlik, voordat jy aan beweeg na die volgende beweging.

- Verduidelik die faktore van invloed tot elke beweging
- Beskryf TWEE stylkenmerke van elke beweging
- Staaf deurgaans
- Lewer kommentaar op die komposisionele rangskikkings en jou idees oor die effek van die rangskikkings (20)

**[20]**



**FIGUUR 4a:** Irma Stern.
**Ewige Kind.** 1916




**FIGUUR 4b:**
Giocoma Balla.
**Straatlig.**



**FIGUUR 4c:**
Georges Braque.
**Man met kitaar.**



**FIGUUR 4d:** Irma Stern.
**Vlug.** Olieverf. 1950



**FIGUUR 4e:** Henri Matisse.
**Portret van Madame Matisse.** 1905

## VRAAG 5

## GALLERYBESOEKE EN UITSTALLINGS

5.1 By ŉ uitstalling van suksesvolle Internasionale en Suid-Afrikaanse kunstenaars, was die vier werke van FIGURE 5a, 5b, 5c en 5d gekies as relevante stellings oor die realiteite van ons wêreld.

Neem die geïllustreerde werke vir hierdie vraag waar, en skryf ŉ opstel van een bladsy waarin jy aandag skenk aan die volgende:

- Sosiale boodskap van elke werk
- Hoe kleur ŉ rol speel in die verwysing na ŉ wyer sosiale en/of politieke bewustheid vir die kyker
- Jou evaluering van die heersende waarde van hierdie werke, finansieel sowel as sosiaal (10)

5.2 Skryf ŉ opstel van een en ŉ halwe bladsye waarin jy die onderwerpmateriaal beskryf en die openbare aantrekking van enige TWEE internasionale en TWEE Suid-Afrikaanse werke wat jy bestudeer het.

Moet NIE enige werk van hierdie of enige ander vraag op hierdie vraestel kies nie. (10)

**[20]**

**Woordeskat:**
**Prosperine** = ŉ mitologiese antieke Romeinse godin, wat gesteel is a.g.v. haar skoonheid om saam met Pluto in die onderwêreld te leef. Haar storie hou verband met die lente. Sy het vier granaatsade geëet en dit het haar in staat gestel om saam met haar ma in die regte wêreld te woon vir drie seisoene van die jaar, maar sy moes na die onderwêreld, na Pluto terugkeer vir die winter.
Die Griekse godin vir die lente het bekend gestaan as Persephone.
Prosepere beteken om uit te kom.




**FIGUUR 5a:**
Dante G. Rossetti.
**Prosperine.** 1874



**FIGUUR 5b:** Willem de Kooning. **Woman IV.**
Olieverf. 1954



**FIGUUR 5c:** Edvard Munch. **Dans van Lewe.**
1884



**FIGUUR 5d:** Helen Sebidi. **Moeder Afrika.**
1981

**VRAAG 6**

**FORMELE EN INFORMELE SKOLE IN SUID-AFRIKA**

6.1 Skryf 'n opstel waarin jy ondersoek instel na die doelwitte, kunstenaars se werke, onderwerpmateriaal en sosiale boodskappe van EEN van die Informele Skole in Suid-Afrika wat jy bestudeer het.


Jy mag van enige van die kunstenaars gebruik maak wat jy van jou gekose skool bestudeer het, maar jy mag nie die werke aanwend wat vir hierdie vraag verskaf is nie. (10)

6.2 Verwys na FIGURE 6a, 6b, 6c en 6d


6.2.1 Vergelyk hoe die drie kunstenaars diere in hierdie werke weergegee het. Verwys veral na lyn, vorms, teksture en algehele komposisie. (8)

6.2.2 Watter van die vier werke, 6a, 6b, 6c en 6d, is volgens jou mening die mees uitdagende? Sê wat jou gekose werk uitdaag en staaf jou antwoord met EEN feit. (2)


**[20]**





**FIGUUR 6a:** Ezrom Legae. **Perderuiter.** 1970




**FIGUUR 6b:** Cyprian Shilakoe. **My donkie.** 1970



**FIGUUR 6c:** Petros Gumbi Ardmore. **Spinnekop en Kameelperd.** 2007



**FIGUUR 6d:** Sydney Kumalo. **Gevalle Perd.** Brons beeldhoustuk. 1988

## VRAAG 7

## WESTERSE INVLOEDE OP SUID-AFRIKAANSE KUNS

7.1 Verwys na FIGURE 7a, 7b en 7c. Definieer kortliks, met verwysing na TWEE aspekte per werk, hoe hierdie voorbeelde invloede van Westerse en Europese kunsbewegings toon. Maak seker dat jy elke Westerse Kunsbeweging benoem. (6)

7.2 Vergelyk FIGUUR 7a met 7b. Gebruik die volgende punte om jou te help:


- Afbeelding en boodskappe
- Komposisie en hoe dit die visuele waardering goed- of slegmaak
- Die emosionele impak van die styl (8)

7.3 Verwys na Preller se **Gewyde Vroue** in FIGUUR 7c. Evalueer hierdie werk in terme van die volgende:


- Die boodskap daarvan aan ons Suid-Afrikaanse samelewing
- Hoe kleureharmonieë en kontraste 'n versigtige strukturele plan deur die kunstenaar toon (6)

**[20]**

**Woordeskat:**
**Gewyde** = volgens status en belangrikheid. Gerangskik in volgorde van belangrikheid.



**FIGUUR 7a:** Maggie Laubser. **Landskap met wit ooievaar.**



**FIGUUR 7b:** Gladys Mgudlandlu. **Xhosa Feeverhaal.** 1970. Olieverf



**FIGUUR 7c:** Alexis Preller. **Gewyde vroue.** 1957. Olieverf

## VRAAG 8

## DADA EN SURREALISME

8.1 Verwys na FIGUUR 8a. Hierdie werk skok die kyker op ŉ sekere wyse. Ondersoek die wyses waarop Hausmann ons uit ŉ geriefsone beweeg het in ons idees oor hoe die mens uitgebeeld behoort te word. (4)

8.2 Verwys na FIGUUR 8b. Alexis Preller het afbeelding gebruik wat ŉ ander Wêreld weergee. Definieer duidelik in DRIE punte tot watter beweging hierdie werk behoort en waarom. (3)

8.3 Verwys na FIGUUR 8c. Op ŉ betwisbare punt was Salvador Dali die wêreld se beroemdste Surrealistiese kunstenaar. Evalueer hierdie werk in terme van die volgende kriteria:

- Voorstellings en die geïmpliseerde betekenis deur die voorstelling verskaf
- Styl en hoe hierdie die atmosfeer affekteer (4)

8.4 In ŉ opstel van nie langer as een bladsy nie, bespreek die doelwitte en invloede van die Dada en Surrealistiese bewegings. Jy moet in besonderhede verwys na minstens EEN werk van elke beweging, om jou argumente te staaf. (9)

**[20]**



**FIGUUR 8a:** Raoul Hausmann.
**Gees van ons tyd.** 1921



**FIGUUR 8b:** Alexis Preller.
**Sebastian 111.** 1947. Olieverf



**FIGUUR 8c:** Salvador Dali. **Droom, Vlug, By, Granaat.** 1944

## VRAAG 9

**INVLOEDE VAN TEGNOLOGIE OP KUNS: FUTURISME, DE STIJL EN VLYT.**

9.1 Verwys na FIGUUR 9a. Op watter wyses toon hierdie nekstuk die invloede van tegnologie? Was die konstruksiemetode van hierdie stuk nuut? Sê waarom. Noem en beskryf EEN ander item wat jy bestudeer het van ons tegnologiese eeu en beskryf die tegnologie wat gebruik was om die item te maak. (5)

9.2 Verwys na FIGURE 9b en 9c. Vergelyk hierdie twee stoele met die gebruik van die volgende gidslyne:

- Hoe prakties die vorms is, met stawing
- Die kunsbeweging waartoe jy dink elke behoort en waarom
- Visuele aantreklikheid van vorms, met stawing
- Visuele aantreklikheid van materiale, met stawing
- Visuele aantreklikheid van kleure, met stawing (10)

9.3 Verwys na FIGUUR 9d. Analiseer hierdie skildery krities, met verwysing na die volgende:

- Die invloede van die tydperk van Futurisme en hoe dit in die werk voorkom
- Die boodskap van hierdie werk (5)

**[20]**



**FIGUUR 9a:** Beverley Price. **Halssnoer van herwonne kabeldraad, gevonde objekte, niobium en rek.**



**FIGUUR 9b:** Frank Gehry. **Karton-stoel.** 1970



**FIGUUR 9c:** Gerrit Rietveld. **Stoel.** Bauhaus



**FIGUUR 9d:** Giocomo Balla. **Dinamiek van 'n hond aan 'n leiband.** 1912 Olieverf

**VRAAG 10**

**INTERNASIONALE STYL EN BAUHAUS**

10.1 Definieer duidelik DRIE eienskappe van die Internasionale Styl. (3)


10.2 Verwys na FIGUUR 10a. Bespreek die kenmerke van die Bauhaus meubels in hierdie voorbeeld. Verwys spesifiek na vorms, materiale en funksionaliteit. (5)

10.3 Skryf 'n paragraaf van minstens AGT reëls waarin jy die suksesse en mislukkings van Die Glashuis in FIGUUR 10b analiseer. (4)

10.4 Kies enige EEN ander gebou of objek of meubelstuk en evalueer dit. In jou antwoord moet jy die volgende hanteer:

- Naam van argitek of kunstenaar
- Naam van gebou of werk
- Ontwerpkenmerke en ontwerp-etiek
- Geskiktheid van werk vir die doel (8)

**[20]**



**FIGUUR 10a**: Marcel Breuer. Bauhaus. **Meubels vir 'n dame se kamer.**



**FIGUUR 10 b:** Philip Johnson. **Glashuis.**

**TOTAAL: 100**

sapapers.co.za

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# VISUELE KUNSTE V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

## VRAAG 1

## KUNS EN PROPAGANDA

1.1 Die drama van hierdie gebeurtenis is te sien in die baie eenvoudige donker agtergrond waar die skaduwee opdoem teen die dooie liggaam. Tweedens beklemtoon die posisie van die dooie liggaam wat oor die bad se rand lê die aard van sy skielike dood, daar hy dit nie kon ontkom nie. Die feit dat die man in die bad is, vererger natuurlik die slagoffer-aard van die situasie, daar hy nie kon wegkom nie. Lyn en styl is baie stewig, wat dit 'n realistiese weergawe maak en dit dra by tot die drama. Die toonwaardes het uitspraak gelewer en gee 'n dramatiese en geheimsinnige stemming weer. Die groene, die swarterige bruine en die bleek vleeskleure, maak die stemming somber en dra ook by tot die ernstige aard van die gebeurtenis. Aanvaar logiese en gestaafde feite. (5)

1.2 Die propaganda van hierdie twee plakkate oor die vryheid van die pers kan eerstens gesien word in die sterk afbeeldinge. In FIGUUR 1b is die reuse gesnoerde gesig boeiend waar dit die hele formaat beset. Kleure is sterk rooie, swart en wit, waarvan almal dominant is en sterk kontrasteer met mekaar. Dit dra by tot die krag van die boodskap teen muilbanding van die pers. Die donker, ruwe getekstureerde gesig dra ook by tot die pyn en laster van die regering, omdat dit so grof is. Die uitleg van die eerste werk is vertikaal, in die lengte beknop, sodat die kyker die aard van opsluiting van die kwessie kan sien en voel.

In FIGUUR 1c verteenwoordig die geblinddoekte, gemuilbande en gebonde FIGUUR 'n totale hulpeloosheid van 'n individu. Die kragteloosheid van die situasie is moontlik selfs meer kwellend as die eerste een. Die wit wolk agter die FIGUUR tart die toeskouer en die wêreld, daar hierdie vry ruimte nie 'n realiteit is vir diegene wat deur die pers gemuilband word nie. Lyn is nie opsigtelik in hierdie werk nie en die styl van die afbeelding is realisties, wat die boodskap van 'n samelewing sonder vryheid van spraak en van die pers, 'n miserabele en hulpelose samelewing maak. (6)

1.3 Die kandidaat moet enige TWEE kunswerke kies wat propaganda toon. Name en titels van werke moet verskaf word, saam met die name van die kunstenaars. Daar moet gehandel word met die onderwerpmateriaal en die boodskappe in die werke. Hulle moet ook verwys na kleur en lyn en die effek van hierdie twee elemente. 4 punte vir elke werk; 1 punt vir insig in die effek/evaluering. (9)

**[20]**

## VRAAG 2

## MONUMENTE EN GEDENKTERREINE

2.1 Die kandidaat moet ooreenkomste analiseer. In al hierdie monumente is van sterk vertikale gebruik gemaak wat 'n groot ruimte beslaan. Die effek hiervan is om almal te definieer as plekke van erns, van aanbidding, van gemeenskapsontmoeting. Die reusagtige grootte van almal verhoog die ontsagwekkende teenwoordigheid en maak die mensdom klein en onbenullig voel in die omgewing hiervan. Al drie toon gebruik van klip wat 'n kwaliteit van monumentaliteit, krag en mag gee. (2)

2.2 Die treffendste visuele element van FIGUUR 2a is die verlengde koppe, wat uitstaar oor die wêreld en die heelal. Die treffendste visuele element van FIGUUR 2b is die suiwer grootte van die monoliete van klip, in 'n sirkel gerangskik, wat dui op die feit dat die monument gebruik was as plek van aanbidding. In FIGUUR 2c is die geronde hoë muur en die piramied-vormige klip daarin, die treffendste.

Die ontwerpers van hierdie drie monumente moes belangrike voorvaders of leiers gedenk in hul kulture; in die tweede een was 'n afgesonderde of spesiale ruimte vir aanbidding geskep; in die derde een wou die kunstenaar/ontwerper 'n plek van aanbidding of stilte herskep. (6)

2.3 Die massiewe skaal verteenwoordig 'n begeerte by elkeen van hierdie kulture om 'n deftige erfenis vir die nageslag na te laat. Dit vestig hul mag en belangrikheid en is bedoel om ontsag te skep in die oë van die kyker. Aanvaar insigryke kommentaar. (2)

2.4 Die kandidate moet TWEE ander monumente kies. Hulle moet benoem word en dan vergelyk word:

Punte van vergelyking is:

- Materiale en die impak van materiale
- Onderwerpmateriaal en die kenmerke van die monument
- Wat die boodskap van elke monument is
- Hoe massas/volumes onderling reageer met die openinge of omringende ruimte en die effek op die kyker (10)

**[20]**

## VRAAG 3

## INTERNASIONALE TENDENSE: IMPRESSIONISME EN POST-IMPRESSIONISME

3.1 Die kandidaat moet ŉ opstel skryf van een en ŉ halwe bladsye oor Impressionisme. Daar moet verwys word na ander kunswerke wat bestudeer is, met verwysing na die Beweging as ŉ geheel, die stylkenmerke, die onderwerpmateriaal en hoe die kunstenaar lig hanteer het. Dit behels die inhoud vir 6 of 7 punte van die opstel.

FIGUUR 3a moet ook gebruik word. Dit tel vir 3 tot 4 punte.
Invloede is Japanese drukwerk, fotografie, soos gesien in die vasvang van ŉ oomblik in tyd, daar dit is wat Impression Sunrise doen. Die lig is vlietend en dus is die styl van gebroke kwasmerke, waar kleur langs mekaar neergelê is sonder samesmelting en ŉ lewendige oppervlak skep vanwaar die kunswerk geniet kan word. In FIGUUR 3a is die onderwerpmateriaal ŉ hawetoneel tydens sonsopkoms, met wolke en water in die tipiese gefassetteerde wyse benadering met afsonderlike kwasmerke. Dit is nie realisties nie en skep die indruk van die vroegmore-tyd in die hawe. Lig is hanteer in soverre dit die refleksie van die prisma weergee. Kleure was varser as tevore, met die aanwending van veel wit in die vermenging van intense kleure. (10)

3.2 Kandidate moet ŉ kritiese analise doen. Verwys na FIGUUR 3.2.
Post-Impressioniste was almal individueel.
Die eerste invloed is Japanese kloisonisme, waardeur deurdrenkte poele kleur, omring deur swart lyne; hierdie kunsstyl het ook gebruik gemaak van suggestiewe, spontane lyn en dit kan gesien word in Gauguin se werk. Gebrandskilderde glasvenster, waar swart omlyning areas van deurdrenkte kleur vasgehou het, was ŉ tweede invloed.
Die Gauguin se hantering van ruimte, as gevolg van die verplatte perspektief, met dieselfde intense kleurkeuses van voorgrond tot agtergrond, toon doelbewuste weiering van die tradisionele realistiese ruimtelike perspektief. Dit maak die werk primitief en kinderlik. Die verskillende vorms van die boom, vroue en water is in harmonie geplaas oral in die komposisie, maar die kleure is almal so intens, dat regte ruimte ontken is.
Die vorms in Dag van die Gode is bonkig; mense se liggame is solied. Die swiepende brander in die voorgrond kom solied voor asof dit die land kan wees. Dit help om die voorgrond en middelvlak te ontwikkel. Klein skerpgepunte, oneweredige vorms in die water wys hoe Gauguin van die Impressionistiese styl van onvermengde kwasmerke wegbeweeg het tot meer harmonieuse areas om vorms te definieer, soos hulle hier rondgestrooi is in vlekkies op alle dele van die doek. Dit is hoogs individueel en dra by tot die effek van afsonderlike areas van kleur en is ŉ baie meer verpersoonlikte weergawe van die toneel.
Kleur van hierdie werk is swarterige bloue vir die diagonaal-geplaaste boom oor die voorgrond en ŉ oseaan van lila en blou in duidelik afgebakende areas. Die water word ŉ struktuur van sy eie, beslis nie realisties nie, en ŉ oseaan wat misterieuse betekenisse aanneem. Hierdie eienskap van ŉ werk van simboliese betekenis is tiperend van Gauguin.
Lyn in hierdie werk is sterk en swart, wat elke vorm duidelik definieer en bydra tot die effek van ŉ loodglas-venster, met swart buitelyne gevul met helder gekleurde lig. (10)

**[20]**

## VRAAG 4

## KUBISME, FAUVISME, FUTURISME EN EKSPRESSIONISME

4.1 Die kandidaat moet ŉ opstel skryf van ŉ minimum van twee bladsye. Hy/sy moet aandag skenk aan vier punte en mag die vyf illustrasies vir Vraag 4 gebruik, naamlik Figure 4a, 4b, 4c, 4d en 4e. Hulle moet bykomende punte kry as hulle dit doen, **asook** om ander kunstenaars te gebruik.
Hulle moet die invloedsfaktore verduidelik wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van elke beweging.
Hulle moet twee stylkenmerke van **elke** beweging verduidelik.
Elke feit wat hulle noem moet gestaaf word.
Opmerkings oor die komposisies van die werke en hoe die struktuur werke beïnvloed, moet gemaak word. (20)

**[20]**

## VRAAG 5

## GALLERYBESOEKE EN UITSTALLINGS

5.1 Die kandidaat moet ŉ opstel skryf en aan 3 punte aandag skenk.
Die sosiale boodskap van FIGUUR 5a is gebonde aan die skoonheid van die seisoene en in hierdie geval met lente. Die vrou is sensueel, terwyl sy ŉ granaat vashou, ŉ vrug wat vrugbaarheid simboliseer. Sy en die loof bo links in die werk, suggereer die menslike gees wat die lenteseisoen vier.
Sosiale boodskap van FIGUUR 5b is die gebrokenheid van vroue in ons wêreld. De Kooning dra die boodskap aan ons oor in sy baie ekspressiewe styl oor hoe die wêreld vroue behandel. Dit is hoogs gebroke en toon kleure wat gevul is met swarte, rooie en vuil gele, wat almal mishandeling en pyn toon.
Die sosiale boodskap van FIGUUR 5c deur Munch is oor die ewige siklus van geboorte, lewe en dood. Die donker figuur in die regtervoorgrond verteenwoordig die stug maaier, of die donker kant van die lewe, soos depressie oor verlore liefde. Die manlike en vroulike figure links toon die verleiding van die vroulike figuur en die feit dat sy figuur naak voorkom deur haar vreemde rok, dui op Eva as die vroulike verleidster.
Die sosiale boodskap van FIGUUR 5d handel met die oorbeknopte woonbuurte in Suid-Afrika, sowel as die smart en hartseer van vroue, met alles wat hulle die hoof moet bied in die wêreld. Die verwronge, gebroke gesigte, die dierkoppe aan die bokant, die stok wat die pot roer, dui alles op ŉ gemeenskap wat worstel met die dag-tot-dag werk van die lewe en die verskeuring as gevolg daarvan.
Kleur in FIGUUR 5a hou ryk rooie, bloue en groene, wat almal dui op die rykheid en skoonheid van lente en wat die seisoen bring. Hulle is sensueel en eksoties. Die donkerbruine verteenwoordig die tydelikheid, daar dit onvermydelik na winter sal moet oorgaan – die onderwêreld is sinoniem met dood – vandaar die hartseer uitdrukking op die vrou se gesig. Kleur in FIGUUR 5b met die rooie, swarte en vuil gele spreek van ŉ wêreld gevul met pyn en gebrokenheid, spesifiek met vroue aan die ontvang-kant van negatiwiteit. In FIGUUR 5c, spreek die rooie, groene en swarte ŉ boodskap van emosionele intensiteit, een wat gevul is met diep pyn en isolering. Die geskeide dele van kleur dra by tot hierdie skeiding van die individu in ons wêreld. Dit verhoog die atmosfeer van misterie, dood, verworpe wees en afgekeur. In die laaste werk, Figuur 5d, verhoog die rooie, vuil witte en ru swart omlyning ook die sosiale ontneming wat veroorsaak word deur armoede, mishandeling en oorbevolking.

Die kandidaat moet nou gedagtes verskaf oor die waarde van hierdie werke, beide finansieel en sosiaal, met stawing. Vanselfsprekend behaal hierdie werke groot bedrae geld in die galery/uitstalling/veiling-markte van die wêreld. Die kunstenaars is almal wêreldbekend en hierdie boodskappe is ALMAL relevant in vandag se wêreld. (10)

5.2 Die kandidaat moet 4 werke kies. TWEE IS SUID-AFRIKAANS en TWEE IS INTERNASIONAAL.
Daar moet 'n opstel van een en 'n halwe bladsye geskryf word waarin hulle die onderwerpmateriaal beskryf en die openbare aantrekkingskrag verduidelik.
Hier mag geen werke uit hierdie Vraestel gekies word nie. Geen punte word gegee indien dit die geval is nie. (10)
**[20]**

**VRAAG 6**

**FORMELE EN INFORMELE SKOLE IN SUID-AFRIKA**

6.1 Die kandidaat moet 'n opstel skryf waarin doelwitte, werke, onderwerpmateriaal en sosiale boodskappe ondersoek word van EEN informele skool in Suid-Afrika. Meer as een kunstenaar moet aangehaal word en meer as een werk. Die onderwerpmateriaal van elke verwysde werk moet deeglik ondersoek en kommentaar oor gelewer wees en die sosiale boodskappe moet duidelik gestel word.
Wanneer daar met doelwitte gehandel word, moet dit baie spesifiek wees oor minstens drie doelwitte.

Kunstenaars om van te kies:

- Kumalo: Madala, Sittende Vrou, St Francis,
- Skotnes: Gesprek, Kop, enige van sy landskappe
- Dumile Feni: Vrees**,** Moeder en Kind, African Guernica
- Motjoaudi:
- Ezrom Leggae:
- Cyprian Shilakoe: (10)

6.2 6.2.1 Hierdie is 'n vergelyking en kandidate moet punt vir punt binne vier paragrawe vergelyk. Hulle moet verwys na lyn, vorms, teksture en algehele komposisie.
**Lyn** in FIGUUR 6a is ekspressief en fyn, wat 'n atmosfeer van marteling gee, teenoor lyn in FIGUUR 6b wat duideliker en beheersd is, wat die werk meer beperk maak. Lyn in FIGUUR 6c is eenvoudig en kalm, met die rande wat realisties is, maar in FIGUUR 6d is die liniêre rande meer gekrap, wat die werk pynliker maak.
**Vorms** in FIGUUR 6a is gedistorsiëer, soos gesien in die langer as normale nek van die perd, waar die vorms van die perd in FIGUUR 6b natuurlik is. Die realisme en gladde afwerking van 6c gee 'n vrolike atmosfeer, waar die verlengde bene van die Gevalle Perd in FIGUUR 6d 'n boodskap van intense lyding oordra.

**Teksture** in FIGUUR 6a is grof en dra by tot die lyding van die perd, maar in FIGUUR 6b is die teksture glad, wat die vorm van die bene en lyf wat op die klippe lê, uitlig. FIGUUR 6c het gladde teksture wat die werk dekoratief en vrolik maak, selfs humoristies, omdat die kameelperd kniel, waar die laaste perd pokagtige, ruwe gekrapte tekstuur het, en dit maak die werk gemarteld.
**Algehele komposisie** van die eerste drie is sentraal geplaas, in ŉ vertikale as, wat die drie werke stabiliseer, baie sigbaar as gevolg van die sentraliteit, maar die laaste figuur het ŉ laterale komposisie en is stabiel geplaas op die horisontale oppervlak. Die kanteling van die eerste perd na links maak hierdie komposisie soortgelyk aan die vierde een, waar die perd se ledemate diagonaal lê en hierdie twee werke toon meer pyn as die ander. (8)

6.2.2 Kandidate moet meld watter werk hulle dink die mees uitdagende is. Hulle kry nie punte hiervoor nie, maar daarna verduidelik hul wat die gekose werk uitlok. Dan verskaf hulle alleenlik een feit om die antwoord te staaf.
FIGUUR 6a lok ŉ reaksie uit van afgryse, empatie, afsku, verwondering.
FIGURE 6b lok ŉ reaksie uit van hartseer, aandoenlikheid, erge pyn oor die dood van die donkie.
FIGURE 6c lok ŉ reaksie uit van die viering van diere, ŉ gevoel van blydskap, van verwondering oor die heelal van die diverse diere.
FIGURE 6d lok ŉ reaksie uit van afgryse, hartseer oor die lyding van diere in stryd. (2)

**[20]**

## VRAAG 7

## WESTERSE INVLOEDE OP SUID-AFRIKAANSE KUNS

7.1 Westerse invloede in 7a toon Fauvisme in die intense, helder kleur. Dit toon ook invloed van Ekspressionisme in die breë los, vloeiende kwashale.
In 7b kan die invloed van Duitse Ekspressionisme gesien word in die wilde, los kwashale, asook die gebruik van swart, wat deel vorm van die struktuur van elke vorm.
In 7c is die invloed van Surrealisme te sien in die vreemde distorsies van die figure, om hul anders as eg te laat lyk. Die jukstaplasing van groot figure en baie klein geboue, asook 'n vreemde masjienagtige gedoente links, maak die werk ook Surrealisties. (6)

7.2 Hierdie is 'n vergelyking.

Die afbeelding van Landskap met wit ooievaar, (a), bevat drie tafellandskapvorms eweredig versprei oor die komposisie, met 'n wit ooievaar in die sentrale voorgrond regs. Die lugruim het geronde gestileerde wolkformasies. In Xhosa Feëverhaal, (b), bevat die afbeelding twee kegelvormige konifer-bome in die voorgrond en 'n boom links en regs van die konifers voor. 'n Vreemde gevlerkte voël het neergeswiep op iets op die gras. Elke werk bevat dus afbeeldings van voëls, maar die tweede werk is baie meer surrealisties as gevolg van die vreemde vorm daarvan. Die boodskap van (a) is eenvoudig die wonder van die natuur en sy vreemde vorms en in (b) is die boodskap skynbaar meer dromerig met die lang slangagtige ding wat die voël in sy kloue het.

Die komposisie van (a) het geen sterk en lang vertikale vorms teenoor die komposisie (b) wat dit het. Die twee hoë kegels in (b) maak die komposisie baie meer dramaties en maak die nabyheid aan die kyker meer intens. Daar is 'n gelykmatigheid van plasing van vorms in beide, wat albei stabiel maak.
Die klein vertikale ooievaar in (a) domineer nie op die wyse waarin die twee vertikale van die bome in (b) doen nie. Die impak van laasgenoemde is meer surrealisties.

Die styl van beide is ekspressief, maar Maggie Laubser se werk bevat kwasmerke wat kalmer is, met meer areas gevul met plat kleur, waarin die styl van (b) meer Impressionisties is, met gebroke, duidelike juksta-geplaasde kwasmerke. Hierdie styl is rusteloser en meer dinamies as (a), aangesien daar geen kalm areas is nie. Die emosionele impak van die styl van (a) is kalmerend, waar die impak van (b) ontstigtend en dinamies is. (8)

7.3 Evalueer Preller se Gewyde Vroue.
Die boodskap van hierdie surrealistiese werk het te doen met ŉ veranderende Afrika-kultuur, soos getoon by die verstedelikte afbeelding op die figure, die onnatuurlike landskapterrasse en die vlag op die gebou in die agtergrond. Dit kan ook ons Suid-Afrikaanse samelewing aanspreek oor die rituele aard van assosiasies onder vroue, daar ŉ mens eenderse kleedstukke, hooftooisels en toevoegings tot hul kleredrag gewaar. Hulle is vernaam en gekoppel aan die groter kosmos, as gevolg van hul gepunte stukke gewade en ster en maan-ikone.
Die strukturele plan deur die kunstenaar is getoon in die baie goeie uitleg van harmonieë van die oranjes, swarte, beiges en ander warm herfskleure. Die hele komposisie is ŉ stewig georkestreerde harmonie van herhaalde kleure en patrone. Elke kleur speel af teenoor die kleure langsaan en die energieke harmonie maak die werk hoogs gesofistikeerd en suksesvol. (6)

**[20]**

**VRAAG 8**

**DADA EN SURREALISME**

8.1 In FIGUUR 8a het Hausmann die kyker ŉ ongemaklike realiteit gegee as gevolg van die meganiese toevoegings tot die kop. Die maatband, die skroewe op die liniaal, die geronde prop wat ŉ opening in die kop toemaak, spreek alles van die menslike gedagtewêreld wat presiese monitering benodig. Hy sinspeel op die feit dat die mensdom meganies geword het sonder normale gevoel. Die leë oë dra by tot hierdie effek van die afwesigheid van lewe en ware menslike warmte en denkprosesse. (4)

8.2 Hierdie werk hoort by die Surrealistiese beweging. Die drie redes is omdat dit afbeelding bevat wat nie van alledaagse normale lewe is nie, soos gesien in die eier bo-op die torso ingehok. Dit tree toe tot die droomwêreld van non-realiteit. Tweedens is die lae horison met ŉ kunsmatige tipe wolk, tiperend van Surrealisme. Derdens is die styl waarin dit geskilder is deel van die Magiese realis-tipe van Surrealisme, daar die vorms naturalisties is. (3)

8.3 Evalueer Dali se Droom, Vlug, By, Granaat.
Die afbeelding hier is wonderlik surrealisties, daar dit ŉ naak vrouefiguur weergee bo-op ŉ plat rots wat opduik langs ŉ see en in die lug bokant haar is twee tiers, een met ŉ vis as sy agterkant. ŉ Olifant met ultra-lang bene stap oor die lugruim in die agtergrond en ŉ rotsagtige uitsteeksel raam hierdie werk aan die regterkant. Al hierdie beelde het niks in gemeen nie en is lukraak gekies vir hul nagmerrie en vreemde assosiasies. Die vrou is die verleidster, die tiers die manlikes op soek na verowering. Die geweer wat na die vrou wys, verwys na die manlike skietdaad soos in seksuele ekstase. Die granaat aan die middel linkervlak, simboliseer vrugbaarheid en bevrugting.
Die styl van die werk is tipies Magiese Realisme en hierdie gladde realisties afwerking, dra by tot die droomagtige kwaliteit van die werk in geheel. Op geen manier kan daar gesê word dat dit ons normale, regte wêreld weergee nie en die boodskap van sensualiteit is vervat in hoogs erotiese en visueel stimulerende beelde. (4)

8.4 Kandidate moet 'n opstel skryf van nie langer as een bladsy nie, waarin hul die doelwitte en invloede van die Dada EN Surrealistiese bewegings bepreek. Hul moet na minstens een werk, in detail, verwys van elke beweging.
Opmerkings moet gestaaf word.
*Doelwitte*:
**Dada** Om te skok, om anti-gevestigde orde kommentaar te lewer, om gevonde objekte te gebruik, daar dit gesien is as net so kunstig as tradisionele skilder en afbeelding. Om die gewone en onverheerlikte doelbewus te verhef as 'n anti-gevestigde stelling.
**Surrealisme** Om die onderbewussyn te ondersoek, om die droomwêreld te betree, om sodoende sin te maak van die gewone, regte wêreld.
*Invloede:*
**Dada** was deur die afgryslikhede van die Eerste Wêreldoorlog beïnvloed. Hulle het geprotesteer teen die menslike skade en vermorsing.
**Surrealisme** Hierdie beweging was beïnvloed deur Freud en ander sielkundiges van die tyd, wat die onderbewussyn ondersoek het en nuwe ontdekkings gemaak het oor die menslike psige en gedrag, wat die samelewing grootliks geïnteresseer het. (9)
**[20]**

## VRAAG 9

## INVLOEDE VAN TEGNOLOGIE OP KUNS: FUTURISME, DE STIJL EN VLYT.

9.1 Tegnologie is te sien in hierdie nekstuk aan die emalje in die afbeelding tussen die metaal rame, byna soos cloisonné-werk. Die kabeldraad wat die twee helftes saambind, is netjies gedoen, soos ook die knip aan die agterkant. Die gebruik van gevonde objekte is tipies van moderne juweliersware en die niobium-rame vereis kompeterende tegnologiese vakmanskap.
Die konstruksiemetode is nie nuut nie, daar die inlegwerk van beelde en patrone in 'n grondslag, geraam deur metaal van een of ander aard, reeds in antieke Mesopotamiese tye gedoen is.
Die kandidaat moet dan EEN ander item noem en beskryf van hierdie tegnologiese eeu, d.w.s. die laaste 80 tot 100 jaar, met beskrywing van die tegnologie wat aangewend is om die item te maak. (5)

9.2 Die praktiesheid van Figuur 9b is goed, maar effens minder so as Figuur 9c, as gevolg van die ruwe en ongelyke oppervlak. Stoel 9c is glad en plat, wat gemaklik is. Selfs die armlenings is gladder en dit sou meer gebruikersvriendelik wees.
Stoel 9b behoort tot die moderne era, daar dit uit gelamineerde, geriffelde karton bestaan, 'n materiaal wat nie voor die 2000's gebruik is nie. Stoel 9c behoort tot die Bauhaus beweging, daar dit bestaan uit kras eenvoudige lyne, en geen versiering, wat dit baie prakties maak. Die primêre kleure toon ook die terugkeer na die basiese en suiwerheid van lyn/vorm etos van die Bauhaus beweging.
Die kandidaat moet dan die visuele aantreklikheid bespreek, met stawing.
Die kandidaat moet die visuele aantreklikheid van materiale bespreek, met stawing.
Laastens moet die kandidaat die aantreklikheid van kleure bespreek, met stawing. (10)

9.3 Verwys na FIGUUR 9d. Hierdie is ŉ kritiese analise van Balla se Hond aan ŉ Leiband.
Futurisme was ŉ beweging beïnvloed deur die spoed van gemotoriseerde vervoer en industrialisasie in die 1900's. Dit was ŉ tyd van reuse uitbreiding in die industriële en tegnologiese arena en hierdie skildery toon deur die skerfagtige en gepunte kwashale hierdie dinamiese beweging.
Die vrou en haar hond lê rieme neer oor die formaat van die skildery, aangedryf van links na regs en die opslag herhaling van bene, romp en skoene, toon die spoedmania.
Die boodskap van hierdie werk is fisies. Die hond en sy eienaar stap teen ŉ gesonde, lewendige pas en word een in hul verkryging van spoed. Dit toon die dinamiek van spoed. Selfs die liniêre vloer gee die indruk van vinnige beweging. (5)

**[20]**

**VRAAG 10**

**INTERNASIONALE STYL EN BAUHAUS**

10.1 Drie kenmerke van die Internasionale styl is reghoekige, blokagtige geboue; geen eksterne versiering; multi-vlak geboue het eeenderse vensterhantering. Internasionale styl het gebruik gemaak van plat dakke met eenvoudige pilotusse as pilaar-substrukture vir verhewe geboue. By die vensterbande is die groot glasvensters aan mekaar verbind om die gebou, om die venstervorm as verenigde struktuur om die hele gebou te vou. (3)

10.2 Verwys na FIGUUR 10a. Die vorms van hierdie Bauhaus slaapkamerstel-meubels, is tipies geometries en baie eenvoudig. Die ovaalvormige spieël, die sirkelvormige sitplek van die stoel, die strawwe vertikale en horisontale van die stoelpote en die spieëltafel, is alles eienskappe van die tradisie van die Bauhaus. Die filisofie van "minder is meer", was duidelik.
Die goeie kwaliteit hout en spieël toon ook die etiek van die Bauhaus, wat was om top-kwaliteit materiaal te gebruik, en ŉ hoë vlak van uitstekende vervaardiging, wat alles hier te siene is.
Die stel is hoogs funksioneel en ook dit was ŉ hoof-oorweging van die Bauhaus. Die ruglening veral toon die praktiesheid en gerief van hierdie stoel. (5)

10.3 Die kandidaat moet ŉ paragraaf skryf van minstens 8 reëls en die suksesse en mislukkings van die Glashuis van Johnson analiseer.
Punte om in te sluit sou wees: Suksesse: kalm, prakties in eenvoud, hemels met al die glas wat kontak verleen met die buitekant; maklike onderhoud; Mislukkings sou insluit: gebrek aan privaatheid; swak isolering as gevolg van al die glas.
Aanvaar logiese en gestaafde punte. (4)

10.4 Die kandidaat moet enige EEN ander gebou kies, wat nie op die vraestel is nie en die gebou evalueer.
Sluit die naam van die argitek, die titel van die gebou, die ontwerpskenmerke en die ontwerpsetiek in. Daar moet ook geskryf word oor die geskiktheid van die gekose werk en die doel daarvan. (8)

**[20]**

**TOTAAL: 100**